**Universiteit Stellenbosch ondersoek burgerberade vir die toekoms van die Suid-Afrikaanse demokrasie**

**Damien du Preez***

*Burgerberade raak al hoe gewilder in demokrasieë in die globale noorde. Van Ierland tot Nieu-Seeland kry burgers toenemend die geleentheid om direk aan demokratiese besluitneming deel te neem. Watter uitdagings en geleenthede hou hierdie demokratiese innovasie in vir Suid-Afrika met sy 30 jaar oue demokrasie, en hoe sal ’n nuwe navorsingsprojek die weg berei vir die land se eerste burgerberaad?*

Daar is al heelwat oor die jammerlike stand van demokrasie wêreldwyd geskryf en gesê. Demokratiese afvalligheid, waar demokrasie mettertyd deur outoritarisme vervang word, kom algemeen voor. Die klimaatskrisis, die grootste uitdaging van die eeu, laat demokratiese regerings aanhou kopkrap. Wêreldwyd het die kieserspubliek oënskynlik vertroue verloor in hulle verteenwoordigers en dié se besluite. Die herlewing van verregse populisme dui op ’n aansienlike gedeelte van die samelewing wat voel dat hoofstroompolitiek hulle in die steek laat. Die Suid-Afrikaanse demokrasie is allermins immuun teen hierdie ontwikkelings.

In reaksie op hierdie wêreldwye krisis van demokrasie word ’n aantal moontlike oplossings aan die hand gedoen. Een daarvan is burgerberade as deel van ’n groter beweging om burgers weer hulle demokratiese mag te help opeis. Burgerberade is ’n nuwe soort demokratiese proses wat ’n verteenwoordigende groep burgers, oftewel ’n ‘minipubliek’, vir ’n paar dae byeenbring om meer uit te vind, te beraadslaag en aanbevelings te doen oor ’n beleidskwessie wat hulle gemeenskap raak. Die klem val op insluiting, ingeligte gesprekvoering en konsensusbesluite.

Soos by Ierland se beraad oor gendergelykheid, word deelnemers deur die proses gelei deur opgeleide fasiliteerders, wat sinvolle gesprekke help verseker, en vakkenners, wat inligting oor die betrokke kwessie voorsien. Kampvegters vir burgerberade reken dié byeenkomste bied ’n platform om gewone burgers te betrek en die algemene publiek se diverse belange en sienings in te sluit by besluitnemingsprosesse waaraan slegs politici en drukgroepe gewoonlik deelneem.

**Demokratiese innovasie**

Burgerberade word dikwels ’n ‘demokratiese innovasie’ genoem – ’n insiggewende term as ’n mens oor die relevansie van hierdie byeenkomste vir Suid-Afrika wil besin. Ons is immers geneig om te dink dat innovasie geen rol te speel het in die instellings wat ons samelewing beheer nie. Dertig jaar sedert die aanvang van die Suid-Afrikaanse demokrasie het daar nog maar weinig verander aan die fundamentele aard daarvan, buiten burgers se tanende vertroue en belangstelling daarin.

In die lig van ons plaaslike demokrasiekrisis val dit wél vreemd op dat ons soveel tyd en energie wy aan innovasie op ander terreine, maar so min aan hoe ons die demokratiese stelsel, wat uiteindelik alles beheer, kan verbeter. Benewens burgerberade se potensiaal om demokrasie te verbeter, bied dit ook ’n nuwe manier om oor demokrasie te *dink*, naamlik as iets om te innoveer, te verbeter en uit te brei.

Maar hier is ’n vriendelike woord van waarskuwing aan diegene wat reken burgerberade is ’n kitsklaar oplossing vir Suid-Afrika se probleem: Nes die inwerkingstelling van enige ander innovasie in ’n nuwe konteks, verg die implementering van burgerberade in Suid-Afrika sorgvuldige oorweging en beplanning. Ons kan nie bloot ’n demokratiese proses wat in en vir die lande van die globale noorde ontwikkel is, in

die unieke politieke, sosio-ekonomiese en kulturele konteks van Suid-Afrika oorplak en verwag dit moet werk nie. Al is ons ook hóé entoesiasties, is daar eers verskeie uitdagings om die hoof te bied.

**Uitdagings**

Eerstens moet ons ’n middeweg vind tussen ’n tipe neokoloniale inmenging en die verheerliking van ons plaaslike ervaring. Enersyds kan ons nie toelaat dat burgerberade – ’n proses wat hoofsaaklik buite Afrika ontwikkel is – op naïewe wyse in die unieke Afrikakonteks afgedwing word nie. Andersyds moet ons ook nie ons plaaslike konteks so uitsonderlik ag dat ons in wese blind is vir nuwe idees nie. Wat nodig is, is ’n proses van transformasie: Die raamwerk van die burgerberaad moet uitmekaargehaal, ondersoek en weer aanmekaargesit word met plaaslike aanpassings vir Suid-Afrika se eiesoortige omstandighede.

Tweedens moet ons rekening hou met Suid-Afrika se multidimensionele ongelykhede en hoe dít die sukses van ’n burgerberaad in die wiele kan ry. Insluiting – ’n grondbeginsel van enige openbare byeenkoms – vereis dat elke persoon wat deur ’n openbare besluit geraak word ’n gelyke geleentheid sal hê om daardie besluit te beïnvloed. Nietemin impliseer ons erge inkomste-ongelykheid dat ’n aansienlike gedeelte van die publiek moontlik nie bereid sal wees om aan lang berade deel te neem nie omdat hulle dan werksinkomste sal moet prysgee. Ongelyke toegang tot onderwys, tegnologie en kindersorg is verdere kwessies wat in ag geneem moet word.

Derdens moet ons waak teen die risiko dat die berade gekaap kan word deur politieke elites wie se sienings in twyfel getrek word. Burgerberade, wie se aanbevelings by beleidmakers gewoonlik die status quo bevraagteken, is besonder kwesbaar vir verdraaiing en misbruik om die oorheersende agenda te pas. Die Franse regering het byvoorbeeld die meeste van die aanbevelings van daardie land se onlangse nasionale burgerkonvensie oor die klimaat geïgnoreer, al het president Emmanual Macron vooraf onderneem om die uitkoms van die konvensie te handhaaf. In Suid-Afrika, met ons instellings wat vatbaar is vir kaping of ontkragting, sal daar dus flink gedink moet word.

Nogtans is hierdie uitdagings nie onoorkomelik nie. Trouens, dit kan op sigself ’n geleentheid wees: Suid-Afrika kry die kans om ’n belowende demokratiese innovasie in ’n demokratiese landskap met eiesoortige uitdagings op die proef te stel, en dit in die proses te verbeter. Ons kan die wêreldwye ontwikkeling van burgerberade beïnvloed, nie net met die lesse van leer en probeer op moeilike terrein nie, maar met insigte uit ons eie geskiedenis van tradisionele leierskap en gemeenskapsbesluitneming. So ’n getransformeerde en eg Suid-Afrikaanse burgerberaad kan dan as ’n geskenk vir die wêreld aangebied word, baie soos dit aanvanklik vir ons aangebied is.

**Geleenthede**

Ondanks die uitdagings en onsekerhede hou burgerberade ook ’n aantal belowende geleenthede vir Suid-Afrika in. Daarom is dit noodsaaklik om die haalbaarheid van dié innovasie as ’n toevoeging tot ons demokrasie te ondersoek.

Om mee te begin, toon burgerberade beduidende bevrydingspotensiaal: Die byeenkomste versamel en verwoord die oorwegings en griewe van die publiek op ’n meer grondvlakgerigte, stelselmatige en demokraties inklusiewe manier as bestaande prosesse. Sodra hierdie openbare oorwegings ingewin is, word dit direk by die beleidmaakproses ingevoer, en systap dit sodoende diegene wat as tussengangers

tussen burgers en hulle beleidmakers staan. Bowenal verbeter hierdie berade straks die insluiting van minderheidstemme, wat so dikwels in ruimtes van politieke invloed ontbreek.

Tweedens, deur ook op jongmense en toekomstige generasies se belange te konsentreer, kan burgerberade antisiperende regering ’n kerndeel van die Suid-Afrikaanse demokrasie help maak. In ’n wêreld wat toenemend deurloop onder krisisse wat uit die korttermynaard van verkiesingspolitiek spruit, bring burgerberade dalk ’n uiters nodige dosis langtermyndenke. Die vele toekomsgerigte klimaatsberade wêreldwyd wat konsentreer op hoe vandag se besluite die generasies van die toekoms sal raak, is ’n goeie voorbeeld van hierdie soort antisiperende regering aan die werk.

Laastens laat die instelling van burgerberade ons dalk besin oor die deelnemende prosesse waaroor burgers beskik. Ons kla dikwels dat burgers nie in politiek belang stel nie, of glo nie die vermoë het om met enige mate van sofistikasie aan politieke besluitneming deel te neem nie. Tog is dít gewoon onwaar, soos die een beraad na die ander bewys. In plaas daarvan om die publiek se belangstelling en vermoë tot sinvolle deelname te bevraagteken, bemagtig burgerberade ons om nuwe maniere te verken om ’n meer outentieke demokratiese gees te ontwikkel en te versprei.

**Navorsing**

Soos ek verduidelik het, is burgerberade geensins ’n een-pas-almal-oplossing nie. Die toekoms van dié innovasie in Suid-Afrika is onseker en word deur sowel uitdagings as geleenthede gekenmerk. Juis as gevolg van hierdie onsekerheid het die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch ’n uitgebreide navorsingsprojek van stapel gestuur om die relevansie van burgerberade vir die toekoms van die Suid-Afrikaanse demokrasie te ondersoek en die land se eerste proefberaad te ontwerp en aan te bied.

Die Burgerberaadwerkgroep is ’n interdissiplinêre navorsingsgroep met lede van Suid-Afrika én elders op die vasteland. Dit is die eerste Afrika-inisiatief van sy soort, en een van net ’n hand vol projekte uit die globale suide op ’n terrein wat andersins deur vakkundiges en praktisyns van Wes-Europa, Noord-Amerika en Australië oorheers word. Deur nougesette navorsing en ’n dekoloniale benadering wat die belang van Afrika se bestaande kennis en praktyke onderstreep, hoop ons om die leiding te neem in die plaaslike ontwikkeling van hierdie belowende demokratiese innovasie.

Met die viering van die 30ste bestaansjaar van die Suid-Afrikaanse demokrasie is dit tyd om ’n fundamentele vraag te vra: Wat ontbreek in Suid-Afrika se demokrasie, en hoe kan ons ’n meer inklusiewe, beraadslagende en deelnemende demokratiese toekoms vir ons land skep? Ons nooi die land se vakkundiges, praktisyns en gewone burgers om ons na antwoorde te help soek.

***Damien du Preez is ’n navorsingskoördineerder by die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die aanvoorder en medevoorsitter van CREDO se Burgerberaadwerkgroep, die eerste Afrika-navorsingsinisiatief oor burgerberade. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.*

**Twitter:** https://twitter.com/DamienJDP

**Webtuiste:** https://www.damiendupreez.com/